27.3 RAPPORT 3: DEPUTATE KERKGROEIBEDIENING – BEGELEIDING VAN KERKE (Art 189)

27.3 REPORT 3: DEPUTIES CHURCH GROWTH MINISTERY – GUIDING CHURCHES (Art 189)

A. Dr G van Wyk stel die Rapport.
Dr G van Wyk tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag Acta 2018:1031, 3.3.4 en 3.3.7. 3.3.4 Die fasilitering van toerusting vir predikante, ampsdraers en lidmate. 3.3.7 Die opleiding van predikante om in streke sulke kursusse te fasiliteer en aan te bied. **Besluit: Kennis geneem.**	**1. Mandate** Acta 2018:1031, 3.3.4 and 3.3.7. 3.3.4 The facilitation of equipment for ministers, office bearers and members. 3.3.7 The training of ministers to facilitate and present such courses in regions. **Decision: Noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem Die vroeër agtergrond vir hierdie opdrag is vervat in Acta 2015:516, 6.4.4 en lees soos volg: *6.4.4 Fokus spesifiek op die opleiding van predikante vir die implementering van die Kerkgroei bediening, veral deur streeksamekomste, konferensies en ander toepaslike maniere.* Expando het per e-pos aan die kerkverband gevra dat predikante wat gewillig is om opgelei te word as fasiliteerders van die *Expando Groeiproses* om na vore te kom. So ‘n fasiliteerder word aangewys om ‘n plaaslike kerk te konsulteer en deur die groeiproses te begelei. ‘n Groep van 12 predikante is geïdentifiseer en by verskillende geleenthede is opleiding gebied. Kundigheid is ook betrek van die Fanning the Flames fasiliteerder in Suid-Afrika. Die diens is ook binne die kerkverband bekend gestel en sowat 8 kerke het aangedui dat hulle begelei wil word deur die proses. Kerke vir wie die meer omvattende Fanning the Flames proses meer geskik is, is soontoe verwys. Verskeie GKSA kerke het al aan hierdie proses deelgeneem. By verskillende geleenthede is Vlamvat konferensies ook aangebied as manier om kerke bekend te stel aan die konsep en te stimuleer tot groei. Daar is video’s en plakkate ontwikkel oor	**2. Matters that the Synod take note of** The earlier background for this assignment is contained in Acta 2015:516, 6.4.4 and reads as follows: *6.4.4 Focus specifically on the training of ministers for the implementation of the Church Growth ministry, especially through regional gatherings, conferences and other appropriate means.* Expando requested the church denomination by email for ministers who are willing to be trained as facilitators of the Expando Growth Process to come forward. Such a facilitator is appointed to consult a local church and guide it through the growth process. A group of 12 ministers was identified and on various occasions training was provided. Expertise is also involved from the Fanning the Flames facilitator in South Africa. The service was also introduced within the church context and about 8 churches have indicated that they want to be guided through the process. Churches for which the more comprehensive Fanning the Flames process is more suitable have been referred there. Several GKSA churches have participated in this process. On various occasions, Fanning the Flame conferences were also presented as a way to introduce churches to the concept and stimulate growth. Videos and posters have been developed

gesonde en ongesonde gemeentes wat aan al die gemeentes gestuur is vir bewusmaking en toerusting. Verdere materiaal is ontwikkel om predikante en Kerkrade te begelei om om ‘n Natural Church Development (NCD) welstand opname af te neem van die gemeente. Dit dui areas aan waar gemeentes meer gesond kan word, en help met die prioritisering daarvan. Begeleiding in die interpretasie van die resultate word gedoen. Daar is ‘n model ontwikkel om die Expando veranderingsproses op ‘n eenvoudige manier aan predikante en Kerkrade te verduidelik. Daar is ook stap-vir-stap riglyne ontwikkel wat fasiliteerders in gemeentes kan gebruik om gemeentes te begelei. Daarby is ‘n lêersisteem ontwikkel met heelwat inligting en voorbeelde wat fasiliteerders en gemeentes kan gebruik in die veranderingsproses. Die groep van 12 predikante word verder hierin opgelei.	about healthy and unhealthy congregations and were sent to all congregations for awareness and equipment. Further material was developed to guide pastors and church councils to conduct a Natural Church Development (NCD) wellness survey of the congregation. It indicates areas where congregations can become more healthy and helps prioritize them. Guidance in the interpretation of the results is done. A model has been developed to explain the Expando change process to pastors and church councils in a simple way. Step-by-step guidelines have also been developed that facilitators in congregations can use to guide congregations. In addition, a filing system was developed with a lot of information and examples that facilitators and congregations can use in the change process. The group of 12 ministers is further trained in this.
Besluit: Kennis geneem.	**Decision: Noted.**
3. Sake waaroor die Sinode besluit In gevolge die Rapport word aanbeveel dat:	**3. Matters that the Synod decides on** In light of the Report, it is recommended that:
3.1 Die Deputate die toerusting van fasiliteerders voortsit.	3.1 The Deputies continue the equipment of facilitators.
3.2 Die begeleidingsdiens deurlopend in die kerkverband bekendstel op verskillende wyses.	3.2 Introduce the guidance service continuously in the church context in different ways.
Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur.	**Decision: Points 3.1 and 3.2 approved.**